


# Hy noem ons op die naam – selfs dié van Judas

***Matteus 10:1-2***
*1 Jesus het toe sy twaalf dissipels nader geroep en aan hulle gesag oor onrein geeste gegee om hulle te kan uitdryf en om elke siekte en elke kwaal gesond te kan maak. 2 Die twaalf apostels se name was…*

Dis moeilik om nie sy naam raak te lees nie. Heel laaste op die lys van twaalf: Judas Iskariot. Gevolg deur dié brokkie inligting: "wat Hom verraai het". Dit is 'n merkwaardige keuse deur die verteller. Verbeel jou jy lees Matteus se vertelling van Jesus se verhaal vir die eerste keer in jou lewe, sonder enige *spoiler alerts* vooraf. Net ná die verteller se eie roepingsverhaal kry ons die finale lys van twaalf gekose dissipels. Nie 'n abstrakte groep "dissipels" nie, maar konkrete mense: Simon (wat Petrus genoem word), Andreas sy broer, Sebedeus se twee seuns, Filippus, Bartolomeus, Tomas, Matteus die tollenaar, Alfeus se seun, Taddeus (ook Judas genoem), Simon die Seloot… en dan, heel onder, byna as 'n nagedagte: "en Judas Iskariot, hy wat Hom verraai het." Lukas doen presies dieselfde.

Ek wonder daaroor.

In 'n era waarin ons mense vinnig kanselleer, name uitvee en stories skoonmaak, noem die evangelie die naam van die verraaier hardop. Die geskiedenis word nie uitgevee nie. Judas se profielfoto bly op die webblad. Dit laat by my 'n soortgelyke gevoel as wanneer ons die Apostoliese Geloofsbelydenis opsê: "Gely het onder Pontius Pilatus". Die vroeë kerk was nie skaam vir die vrot appels, die twyfelaars, die hênsoppers, die verraaiers, die koppiges, die papbroeke en die booswigte nie – hulle name word genoem. Oor en oor en oor.

Die goeie nuus van die evangelie word nie gepoleer ter wille van hoorders se sensitiwiteit nie. As jy van Jesus wil hoor, maak jou reg om ook oor Judas na te dink. Herodes en Pilatus wag vir jou. So ook Petrus en die haan wat kraai. Tomas en sy twyfelende vinger in die wond. Die Emmausgangers wat 12 km saam met Jesus stap sonder om Hom te herken. Maria wat Hom vir die tuinier aansien. Later lees ons dat Paulus (toe nog Saulus) die klere opgepas het van dié wat Stefanus gestenig het. Ons lees van sy frustrasies met medegelowiges, die wrywing tussen hom, Petrus en Jakobus, en sy uitval met die jong Markus. In die Evangelie van Jesus is daar geen geraamtes in die kas of wit gepleisterde grafte nie, want die lig skyn in die donker, en die donker kon dit nie oorwin nie.

Ek wonder ook oor die manier waarop Jesus hulle uitstuur.

Die deeglike instruksies vang my elke keer:
*Moenie goud, silwer of koper in julle gordels saamdra nie.*
*Geen reissak, geen twee kledingstukke, geen sandale, geen wandelstok nie.*
*Die arbeider is tog geregtig op sy loon.*

Waarom so sonder hulpmiddels? Miskien juis omdat dié wat Hy uitstuur geneig is om staat te maak op die dinge wat hulle later in die sop laat beland. Judas, die tesourier, sonder beursie. Matteus, die tollenaar, sonder finansiële sekuriteit. Jakobus en Johannes, die vurige Seuns van die Donder, sonder wandelstok om hulle pad te beveilig. Petrus sonder padkos – hy moet eet wat vir hom voorgesit word. Hulle was totaal uitgelewer aan die gasvryheid van vreemdelinge. Dit lyk amper asof die sendingreis meer vir húlle eie groei as vir die mense waarheen hulle gestuur is. Hulle moes leer om nie op hulle eie mag, geld of voorbereiding staat te maak nie, maar op die mag wat Jesus hulle gegee het (Matt 10:1) en op die gasvryheid van mense wie se harte God sou oopmaak.

"'n Arbeider is geregtig op sy loon" is nie 'n versekering van aalmoese nie. Dit is 'n uitnodiging om werklik van waarde te wees: die goeie nuus van die Koninkryk, genesing, vrede. Hulle sou nie net ontvang nie, maar bydra – deur hulle menswees, deur hulle weerlose vasstaan in dit wat hulle van Jesus ontvang het, deur die evangelie self. Uit daardie plek van afhanklikheid sou hulle ontdek dat die Koninkryk werklik naby is – nie net in woorde nie, maar in die lewe van mense wat op God alleen vertrou.

**Drie vrae vir nadenke:**

1. Wie se naam noem Jesus vandag hardop in jou lewe – dalk juis die deel van jou storie wat jy eerder wil wegsteek of "kanselleer"? Hoe verander dit jou om te weet dat Hy jou steeds roep en gebruik?
2. Waar in jou gesin, werk of bediening voel jy vandag "sonder toerusting" of onvoldoende (soos die dissipels sonder sak, ekstra klere of stok)? Watter uitnodiging lê vir jou daarin om meer op Jesus se mag en ander se gasvryheid te vertrou?
3. Hoe kan jy in die komende wintervakansie (as pa, ma, kind of mentor) prakties uitleef dat die Koninkryk van God naby is – nie net in woorde nie, maar in julle saamwees, rus en alledaagse gasvryheid?